

Die Campbell-Sendingkerkie

Deur

J. J. OBERHOLSTER

In medewerking met
BASIL HUMPHREYS

OU KERKE, of dit nou die eenvoudige, beskeie sendingkerkie in Suid-Afrika is of wel die deftige domkerk in Europa, hou 'n besondere beking in. Hierdie beking straal uit 'n unieke boustyl, 'n lang bewoë of glansryke geskiedenis, die kerk as simbool van die verkondiging van die Ewige Waarhede, maar meestal uit 'n onverklaarbare mistieke verhewendheid en teenwoordigheid. Miskien is dit daarom dat kampvegters vir die bewaring van oudhede so 'n voorliefde vir ou kerke het en dat die aftakeling van hierdie geboue as beeldstorming beskou word. Miskien was dit om hierdie rede dat mnr. Basil Humphreys, 'n skaapboer en 'n man met 'n besondere fyn aanvoeling hierdie dinge in die oudste bestaande sendingkerkie noord van die Oranje-Vaalrivier op Campbell gesien het.

Die dorpie Campbell, die terrein waarop die sendingstasie vroeër geleë was en die ou sendingkerkie vorm uiters belangrike skakels in die sendinggeskiedenis noord van die Oranjerivier. Trouens, hierdie ou sendingstasie moet beskou word as een van die vroegste setels van die Christendom in hierdie gebied. Sendingwerk ten noorde van die Oranje- en Vaalrivier het aan die begin van die 19de eeu 'n aanvang geneem. In 1800 was die sendelinge Kok en Edwards aan die Kurumanrivier en Anderson en Kramer op Rietfontein, noord van die Oranjerivier werksaam.⁽¹⁾ In 1802 word daar op Klarwater, die latere Griekwastad, met sendingwerk begin,⁽²⁾ en vyf jaar daarna te Warmbad in Groot-Namakwaland.⁽³⁾ Hierop volg Campbell, wat aanvanklik as 'n buitestasie van Griekwastad beskou is.

Volgens die getuienis van 'n sekere Andries van Rooy, 'n raadslid van Waterboer, het hy reeds in 1804 op sy terugreis van Lattakoo, later Kuruman, na die Zakriviersendingstasie, by die teenswoordige Campbell aangedoen.⁽⁴⁾ Die jaar daarop besoek die Griekwakaptein, Adam Kok, van Klarwater dit weer. In November 1804 het hy en 'n aantal Griekwas eerw. Kok na Lattakoo vergesel. Op die terugreis het hulle 'n meer oostelike roete gevolg en in Maart 1805 het hulle op 'n reeks pragtige fonteine in die Ghaapvallei afgekom. Hulle noem die plek *Knovel Valley* omdat dit met wilde knoffel oortrek was. By

(1) Du Plessis, J.: *Christian Missions in South Africa*, p. 107.

(2) *Ibid.*, p. 141.

(3) *Ibid.*, p. 115.

(4) *Griqualand West Land Court, Evidence*, p. 161.

hulle terugkeer te Klarwater is die moontlikheid van 'n landbou-neersetting alhier dikwels bespreek,⁽⁵⁾ maar kenmerkend van die Griekwa-traagheid het hierdie waterryke plek nie weer voor 1811 die aandag geniet nie.

In hierdie jaar het die bekende reisiger William Burchell 'n besoek aan Klarwater gebring. In die maande Oktober en November het hy in geselskap met Adam Kok en eerw. Lambert Jansz, sendeling te Klarwater, 'n reis met 'n konvooi van tien waens na die Vaalrivier onderneem, en op hulle terugtog het hulle by *Knovel Valley* aangedoen. Op 4 November het hulle vanuit die rigting van die Vaalrivier en ver oor die vlakkeland die bergrand van die Ghaapplato in die gesig gekry. Hoe nader hulle aan hierdie rand gekom het, hoe digter het die doringbome en haakdorings gegroei, maar teen die agtermiddag laat kon hulle aan die ingang van 'n kloof in dié berge by 'n fontein, bekend as *Grootfontein* (tans *Onder-Campbell*), onder 'n groot doringboom uitspan. In die nabyheid in 'n grot was 'n armoedige en verhongerde groepie Boesmans woonagtig, wat op die fontein aanspraak gemaak het.⁽⁶⁾

Die geselskap het hier enige dae oorgestaan, terwyl die Griekwas die pad deur die kloof — soos die pad nagenoeg vandag nog loop — meer begaanbaar gemaak het deur die weglou van rotse en opvul van slote in die kalkagtige grond. Op Sondag die 17de het eerw. Jansz die lede van die geselskap sowel as die Boesmans onder die bome byeengebring vir 'n diens en so 'n begin gemaak met die verkondiging van die Woord in hierdie omgewing.

Intussen het die gedagte om hier 'n Griekwa-neersetting te stig weer herleef en, skryf Burchell: „After a due examination of the place *Grootfontein* was pronounced to be an eligible spot for a new station, or out-post, for the Klarwater people; and it was decided that Adam Kok on his return home, should make the necessary arrangements, and appoint a fit person as overseer of the new settlement, which I proposed . . . that the missionaries should call by the name of *Jansz's Fountain*, after the artless, honest missionary who first set it on foot.”⁽⁷⁾ Daarop is gesoek na 'n geskikte plek waar so 'n stasie aangelê kon word, en, weer eens volgens Burchell: „On the top of the mountain an excellent spot was found, which might easily be converted into a corn-land. It abounded in water; and not fewer than ten different springs were discovered within a very short distance of each other, the waters of which formed a rill that tickled down the Kloof and joined the springs below.”⁽⁸⁾ Hier het die wilde knoffel in lappe gegroei en 'n geur van knoffel het die lug gevul. Dit was *Knovel Valley* en hier sou die dorpie Campbell later verrys, terwyl die waens op die terrein gestaan het waar die kerkie later gebou sou word.

Na hulle terugkeer te Griekwastad, het die sendelinge en Adam Kok 'n „respektabele” Griekwa, Kort-Adam Kok, 'n oom van die kaptein en 'n broer van ou Cornelis Kok I, oorreed om saam met 'n aantal Griekwas *Knovel Valley* as 'n buitestasie van Griekwastad te gaan beset. Vergesel van sy drie broers,

(5) *Report from Select Committee on Aborigines*, Appendix, pp. 149-151.

(6) Burchell, William, *Travels in the Interior of Southern Africa* (London, 1953), I, p. 320.

(7) *Ibid.*, p. 320.

(8) *Ibid.*, p. 320.

Willem, Gert en Abraham, twee swaers, Dirk en Jager Boer, en 'n neef, Adam Balie, het Kort-Adam hom toe te *Knovel Valley* gaan vestig.⁽⁹⁾ Benewens die Griekwas het Korannas en Betsjoeanas nou ook by die fontein kom staan sodat daar 'n bonte gemeenskap versamel was en vyf verskillende tale — Hollands, Koranna, Tswana, Hottentots en Boesman — gepraat is.⁽¹⁰⁾

Die nedersetting was geleë op wat 'n mens kan noem een van die afleipype of tregters van die Ghaapplato. Die reën wat op hierdie plato geval het, het deur die poreuse, kalkagtige grond na die platorand gedreineer om o.a. hier in 'n menigte fontein uit te borrel. Na gelang van die ligging van hierdie fontein het die nedersetting hom dan ook weldra in drie verdeel, wat later as Bo-, Middel- en Onder-Campbell bekend gestaan het. In Bo-Campbell, net onder die eerste terras van die plato, was daar nie minder as elf fontein nie, waarvan Ruigte-, Vyge- en Blaauwfontein die belangrikste was. Hier het Adam Balie hom gevestig en een van die fontein van die Boesman, Uitlander, gekoop.⁽¹¹⁾ In Middel-Campbell of *Knovel Valley* waar Kort-Adam Kok vir hom 'n standplaas uitgekies het en waar die latere sendingstasie met die sendingkerkie aangelê is, was daar tien fontein waarvan Grootfontein, Sterkfontein en Landsfontein die sterkste was. Die water van hierdie boonste fontein het met die kloof na Onder-Campbell afgeloop, waar dit met die waters van Boesmanfontein en ander saamgevloei het en vir myle verder suid in die droë vlakte weggesyfer het. In goeie reënjare het die water sover as Fabersput en tot selfs in die Vaalrivier geloop. Hier in Onder-Campbell het ou Abraham Kok hom gevestig en hier het die eerste skyn van 'n dorpie verrys. Landerye is in beide Middel- en Onder-Campbell aangelê.

In 1813 het eerw. Campbell op sy eerste reis deur suidelike Afrika ook hier besoek afgelê. Op sy vraag wat die plek se naam is, was die antwoord *Campbell*,⁽¹²⁾ ter ere van hom. Plasties beskryf hy die pad van Onder- na Middel- en Bo-Campbell sowel as die onmiddellike omgewing: „The road was between hills to the north, through a narrow valley full of trees, with a charming chrystal stream meandering along it, till we came to the Great Fountain⁽¹³⁾ which is about two miles from the place we left. Here there is a small village, containing about thirty people, surrounded with little fountains, hills, and trees, completely sequestered from the world. Though at present in its natural state, it appeared to me a natural paradise.⁽¹⁴⁾ The hills on both sides are composed of regular layers of stone, resembling gigantic steps, from the bottom to the summit; their appearance particularly characterises the range of hills forming the east side of the valley, the great part of which resembles a gigantic amphitheatre.”⁽¹⁵⁾

(9) Arnot and Orpen: *The Land Question of G.W.*, A. Waterboer — P. Wright, 11 Des. 1832.

(10) Campbell, John: *Travels in South Africa*, (1812), p. 336.

(11) *Griqualand West Land Court*, p. 260. Vgl. ook Campbell, John, *Travels*, 1822, p. 249.

(12) Campbell, John: *op. cit.*, (1812), p. 336.

(13) Hierdie „Great Fountain” moet nie met dié van Burchell verwar word nie, maar was die teenswoordige „Diepgate” wat met die koms van Campbell waarskynlik die grootste fontein was.

(14) *Ibid.*, p. 337.

(15) Campbell, John: *Travels*, 1822, p. 249.

Tydens Campbell se eerste besoek het Adam Balie, wat aan die Zakrivier onder die invloed van die sendelinge gekom het, hier in Middel-Campbell vir die inwoners gereeld godsdiens gehou. Sy kennis was maar uiters beperk, maar tog moet hy as die eerste evangelis alhier beskou word.⁽¹⁶⁾

In 1816 het die bevolking van Campbell aansienlik vermeerder. Ou Cornelis Kok, wat nog altyd in die Khamiesberge gewoon het, het met sy gevolg na Griekwastad verhuis, waar sy seun, Adam Kok, kaptein was. Volgens dr. Philip „he wished to be recognized as a chief of the place, and his pretensions were rejected by the missionary and the people”.⁽¹⁷⁾ Ou Cornelis en sy seun Cornelis, wat kort na hom in Griekwastad aangekom het, het hulle nou by hulle familie te Campbell gaan vestig. Ou Cornelis het hom te Middel-Campbell gevestig, hoewel hy die fonteine in Bo-Campbell vir Rds. 150 van die Boesman, Uitlander, gekoop het.⁽¹⁸⁾ In 1819 het hy ook 'n aanspraak op Middel-Campbell verwerf. Hy het naamlik begin met die uithaal van bome om die grond vir landerye voor te berei. Uitlander het hierteen geïnterresseer omdat Cornelis die bome verniel het wat gedurende die somermaande aan hom skaduwee gegee het. As kompensasie moes Cornelis twee beeste en tien bokke aan hom skenk en ook Abraham Kok in Onder-Campbell moes ses skape vir die gebruik van die grond betaal.⁽¹⁹⁾

In 1819 volg Adam Kok, hoof van Griekwastad, ook sy vader Cornelis na Campbell. Hy het hom teen die politieke oorheersing van die sendelinge verset en het in hewige botsing met Anderson gekom. Toestande het in hierdie jaar 'n klimaks bereik en die sendelinge het hom met afsetting van die kapteinskop bedreig. Hy verlaat dus Griekwastad om hom by sy familie te Campbell te voeg. In sy plek te Griekwastad word Andries Waterboer tot kaptein verhef. Deur hierdie optrede van die sendelinge het daar 'n openlike vyandskap tussen Griekwastad en Campbell ontstaan en die Kok-familie met hulle volgelinge te Campbell het geweier om verder as 'n buitepos van Griekwastad bekend te staan. Trouens, die bevolking van Campbell het so sterk aangewas dat dit, indien nie groter nie, sekerlik net so talryk as die van Griekwastad was.

In 1820 het eerw. John Campbell, vergesel van die sendeling Sass, weer eens 'n besoek aan Campbell gebring. Hy vind dat Abraham Kok in Onder-, Cornelis Kok, die jongere, in Midde-, en Balie in Bo-Campbell gereelde dienste vir die inwoners hou. Omdat Sass met die spesifieke doel om hom vir 'n tydperk as sendeling hier te vestig, meegekom het, word daar nou weer eens na 'n geskikte plek vir 'n stasie gesoek en weer eens word op dieselfde plek as deur Burchell besluit. Campbell skryf soos volg: „We looked out for a situation on which a place of worship, dwelling house, etc., might be erected, as near to the centre of the population as possible, and in the vicinity of ground fit for a garden and a cornfield. The people themselves, had however, reserved

(16) Campbell, John: *op. cit.*, (1812), p. 339.

(17) *Report from the Select Committee on Aborigines*, p. 674.

(18) Arnot, David en Orpen, Francis: *The Land Question of Griqualand West*, p. 4.

(19) Campbell, John: *Travels II*, 1822, p. 250.

such a spot with the hope that sometime or another a missionary might settle amongst them, and on examination it seemed to be more suitable than any other we had seen. The situation is on an elevated ground, about half-way up the valley, a view of the lower half of which it commands. The church when built will be seen from every part of the valley above." Op 1 Augustus het eerw. Helm en eerw. Robert Moffat, ook van Griekwastad, hier aangekom en daar is dikwels met die inwoners samesprekings gehou oor die vesting van Sass alhier: „When it was finally arranged, upon various conditions, the people engaged to assist in building a place of worship and a dwelling house.”⁽²⁰⁾

Eerw. Sass het hom dan ook in die volgende jaar te Campbell gevestig, maar hoewel hy met 'n Hottentotvrou getroud was, skyn dit asof hy nie die volle ondersteuning van die Campbell-mense geniet het nie. Dit moet daaraan toegeskryf word dat hy hom te veel met Griekwastad en met die Britse agent, John Melvill, aldaar vereenselwig het. Veral Melvill se poging om Waterboer tot die opperhoof van die Griekwas te verhef en om die ou erflike hoofde, die Koks, deur hom te beheer, het groot vyandskap tussen Griekwastad en Campbell verwek.⁽²¹⁾

In 1823 toe die reisiger George Thomson Campbell-dorp besoek het, was Sass nog hier, maar daar word nog geen melding van 'n kerk gemaak nie. Hy skryf: „The village or station, of Campbell-dorp, contains a few straggling huts, and three or four houses of a little better construction. The latter are the dwellings of the chiefs. It is well supplied with good water, and the inhabitants possess large herds of cattle and sheep and a great number of excellent horses.”⁽²²⁾

Sass het dan ook alweer in 1823 Campbell verlaat, want volgens die *Missionary Register* van 1824 is sy standplaas Griekwastad.

In 1825 vestig John Bartlett hom as sendeling te Campbell. Hy was van Portsea, Hampshire, Engeland, afkomstig, waar hy lid van die King St. Congregational Church was. Die destydse pastor van hierdie kerk was John Griffin, 'n direkteur van die Londense Sendinggenootskap.⁽²³⁾ Bartlett het hom as smid bekwaam en in 1809 is hy deur die „Navy Board” na die skeepswerwe in Kaapstad gestuur, waar hy vier jaar lank teen 'n salaris van R360 per jaar gewerk het. Hier het die bekende dr. Van der Kemp met hom kennis gemaak en hom as sendeling of katkisasiemeester by die L.M.S. aanbeveel. Die aanbeveling is kragtig deur Bartlett se vroeëre pastor, John Griffin, ondersteun. In Junie 1812 word hy dus teen 'n salaris van R60 p.j. as sendeling deur die Genootskap aangestel. Deur die uiterste spaarsaamheid het hy nou reeds 'n som van R600 bymekaar gemaak wat hy gereed was om ten behoewe van sy nuwe roeping aan te wend.⁽²⁴⁾

Bartlett is eers na Bethelsdorp, waar hy vir twee jaar onder die leiding van die here Van der Kemp en Read gearbei het. In 1814 was hy eerw. J. G.

(20) Campbell, John, II p. 256.

(21) Thompson, George: *Travels and Adventures in Southern Africa*, I, p. 142.

(22) *Ibid.*, p. 143. Vgl. ook *Memoirs of Mrs. Anne Hodgson*, p. 124.

(23) Inligting Irene Fletcher, Argivaris L.M.S.-Argief, Londen.

(24) L.S.G.-Argief, Londen, Home Letters, B.8-7; R. Bartlett, Portsea, — L.M.S. 1840.

Ulbricht behulpsaam met die stigting van 'n nuwe stasie te Theopolis, vanwaar hy weer in 1816 na Pella in Namakwaland verplaas is.⁽²⁵⁾ Hier is hy die volgende jaar as sendeling deur eerw. Schmelen ingeseën.⁽²⁶⁾ Hy was toe reeds getroud.⁽²⁷⁾

In 1825 vergesel hy dr. Philip op een van sy reise na die sendingstasies buite die Kolonie. By hulle aankoms te Campbell het die inwoners by dr. Philip om 'n sendeling aangedring en daar en dan is besluit dat Bartlett hier sou bly.⁽²⁸⁾ Eers teen die helfte van 1826 kon hy sy goedere te Pella gaan haal.⁽²⁹⁾ Daar is geen vermelding van sy vrou nie, en hy het waarskynlik alleen met sy twee kinders, na wie daar later dikwels verwys word, na Campbell verhuis. Hier is hy weer later getroud met Susannah Elizabeth Jacoba Haarhoff van Graaff-Reinet,⁽³⁰⁾ by wie hy nog vyf kinders gehad het. Hierdie duistere verwisseling van vrouens het waarskynlik verband gehou met die „unhappy circumstances” waarna John Melvill, regeringsagent te Griekwastad, later verwys.⁽³¹⁾

Met buitengewone toewyding het Bartlett hom nou op die sending onder die Griekwas toegelê en hom ten volle met hulle belange vereenselwig. Deur sy ywer, entoesiasme en opregtheid het hy binne enige maande die vertroue van die inwoners gewen. John Melvill skryf aan dr. Philip: „You will be glad to hear that there is an appearance of much good doing at Campbell. I was there on a visit the other day . . . There was (sic?) 70 in the evening service, and 61 children in the school . . . I think Mr. Bartlett has gained the affections of the people, and will be a blessing to the country . . . I should not be surprised if Campbell became the principal station . . .”⁽³²⁾

Bartlett het al dadelik die nypende tekort aan 'n kerkgeboutjie aangevoel. Hiervoor wou hy graag die ondersteuning van die Genootskap hê, want die kenmerkende traagheid van die Griekwas het weinig vooruitsigte ingehou dat hulle uit eie inisiatief iets tot stand sou bring. Bowendien het die grond wat tot dusver vir die stasie gereserveer is ondertussen in die privaatbesit van Adam Kok gekom en hy wou 200 Rds. daarvoor hê. Op advies van John Melvill en met die hoop dat hy dit later van die Genootskap sou terugkry, het Bartlett nou maar die grond op eie koste en verantwoordelikheid aangekoop en dadelik met die bou van 'n skool, wat ook as kerk moes dien, begin.⁽³³⁾

Die onderlinge struwelinge tussen Adam Kok en Waterboer, die droogte van 1827 en die inersie van die Griekwas het nie alleen die oprigting van die kerk en sendinghuis vertraag nie, maar dit 'n moeisame onderneming gemaak. In Desember 1827 skryf Bartlett aan die Londense Sendinggenootskap: „The

(25) L.S.G.-Argief, *Register of London Missionaries*, 1823.

(26) *Ibid.*, *South African Letters*, H. Schmelen — L.S.G. 20-3-1817.

(27) Moffat, R.: *Missionary Labours and Scenes in Southern Africa*, p. 101.

(28) L.S.G.-Argief, *Home Letters*, B-8-7, R. Bartlett — L.S.G. 1840.

(29) L.S.G.-Argief, *South African Letters*, D(1)10, John Melvill — G. Burder, Londen, 6-7-1826.

(30) Basil Humphreys-versameling, Grondbrief aan mev. Bartlett.

(31) L.S.G.-Argief, *South African Letters*, Melvill — G. Burder, 6-7-1826.

(32) L.S.G.-Argief, Londen, *South African Letters*, John Melvill — dr. Philip, 3-1-1826.

(33) *Ibid.*, en John Melvill — G. Burder, 6-7-1826.

church is not finished but I intend to see what can be done next year if the Lord spare me." Intussen het hy egter 'n smidswinkel opgerig, waarin hy van voornemens was om enkele Griekwa-seuns in hierdie ambag op te lei.⁽³⁴⁾

Met taaie volharding het Bartlett vier jaar lank geswoeg om die kerkie en die sendinghuis te bou en uiteindelik is dit op die eerste Sondag van Januarie 1831 geopen. Dit was 'n heuglike dag. Nie alleen was sy handewerk nou bekroon nie, maar ook op sy geestelike arbeid het die seën gerus, want hy kon aan 'n ruim aantal lidmate die nagmaal bedien en bowendien ou Cornelis Kok se weduwee, 90 jaar oud, doop.⁽³⁵⁾

Tegelyk met die kerkie is ook die sendeling se woonhuis, wat daaraan gegrens het, voltooi. Beide geboue was vanselfsprekend van die eenvoudigste struktuur en gebou met materiaal wat in die onmiddellike omgewing verkrygbaar was. Die kerkie, wat met enkele veranderinge vandag nog staan, is buitengewoon stewig gebou. Die fondament van swaar Jonasklip is op die



No. 146. Campbell - a Station of the London Missionary Society in Capetown 1835

Campbell 1835, met kerkie en huis van sendeling in die middel, deur Charles Be. Met vriendelike vergunning van die Universiteit van die Witwatersrand)

kalkrots gelê. Die mure wat onder byna twee-en-'n-half voet dik is en wigvormig na bo oploep, is ook gedeeltelik van ysterklip gebou en verder met kalkklip opgevul en afgewerk. Gewone klei gemeng met beesmis is as hegmiddel gebruik. 'n Kleivloer, 'n rietdak gestut met doringhoutpale, 'n deur en vensters van ruwe handewerk het die gebou voltooi. Die koste verbonde aan die oprigting van

(4) L.S.G.-Argief

an Letters, C 3 —

G. Burder, L.S.G

20 De: 182

(5) L.S.G.-Argief

an Letters, D.4-12,

aan W. A. Hanke

26 De: 183:

die gebou het Rds. 800 beloop.⁽³⁶⁾ Hiervoor het Bartlett geen ondersteuning van die genootskap gekry nie, maar moes dit uit eie fondse aansuiwer.

'n Skets deur Charles Bell, gemaak in 1835 tydens dr. Andrew Smith se reis na Msiligasi, gee 'n baie noukeurige beeld van die sendingstasie.⁽³⁷⁾ Hierdie skets is vanuit die suide en dus vanuit die rigting van die reeds genoemde pas van Onder- na Bo-Campbell gemaak. In die middel van die tekening is die kerkie en daarvoor die sendinghuis duidelik te sien. Die kerkie het dus suidwaarts gefront. Hierdie tekening in sy geheel geneem, is so noukeurig gedoen dat, met inagneming van die rante en ander fisiese kenmerke van die omgewing, dit sonder twyfel bepaal kan word dat die standplaas van die huidige kerkie nog dieselfde is. Ongelukkig gee dr. Smith geen beskrywing van die sendingstasie nie. Hy vermeld alleen: „Attended service today. Mr. Bartlett preached to a very small congregation.”⁽³⁸⁾

Die nuwe kerk het egter vir Bartlett geen geluk gebring nie. In dieselfde jaar waarin dit voltooi is, het daar een van die kwaaieste epidemies van pokkies in menseheugenis in Griekwaland uitgebreek. Op Campbell self was daar binne 'n maand 52 sterfgevälle, terwyl alle bedrywighe, selfs die melk van die koeie, tot stilstand gekom het. In hierdie donker dae het Bartlett nie alleen as onvermoeide herder van sy kudde opgetree nie, maar ook as verpleër en dokter. Sonder vrees het hy die siekes besoek; uit sy eie kosbare en skrale voorraad medisynes aan baie verligting gebring en soos hy dit stel: „I continue to inoculate all those that have not been sick with the Natural Pox.”⁽³⁹⁾

In 1833 tref hom egter die wreedste slag: Hy word op aanbeveling van dr. Philip deur die Londense Sendinggenootskap ontslaan! Die Genootskap besluit verder dat bo en behalwe die Rds. 800 wat hy aan die kerkie gespandeer het, nog Rds. 300 aan hom uitbetaal sou word, met dien verstande dat die kerkie en „mission house” die eiendom van die Genootskap word.⁽⁴⁰⁾ In 1838 eers word aan dr. Philip opdrag gegee om die besluit van krag te maak.⁽⁴¹⁾ Of dit egter ooit gebeur het, is te betwyfel, want in 1839 skenk Cornelis Kok aan Bartlett die erf, waarop die kerkie en die sendinghuis staan⁽⁴²⁾ en na sy dood het sy vrou tot aan die einde van haar lewe daar bly woon.

Geen rede vir sy ontslag is ooit verstrekk nie, maar daar was los en vas praatjies oor sy onbekwaamheid om die sendingstasie te administreer, van immoraliteit en dat hy 'n man geslaan het, wat later aan die letsels oorlede is. Laasgenoemde klag is uiteindelik as vals bewys. Betreffende die aantying van onbekwaamheid getuig sy dade beslis daarteen, hoewel dit aangeneem moet word dat hy die gebrek aan 'n goeie opleiding en deeglike leiding dikwels moes aangevoel het. Die beskuldiging van immoraliteit moet waarskynlik teruggevoer word na die reeds vermelde duistere verwisseling van vrouens voor

(36) L.S.G.-Argief, *Board minute re church at Campbell*, 10 Junie 1833.

(37) Vgl. Kopie hierteenoer.

(38) Kirby, Percival R.: *The Diary of Dr. Andrew Smith*, 1834 — 1836, V.R.S. 20, p. 276.

(39) L.S.G.-Argief, *South African Letters*, D.4-12, Bartlett — W. A. Hankey, Londen, 20 Des. 1831.

(40) *Ibid.*, *Board Minute*, 10 Junie 1833.

(41) *Ibid.*, 22 Aug. 1838.

(42) G.L.S. *Land Court Judgement*, p. 95.

sy koms na Campbell. John Melvill verwys na hierdie ongelukkige gebeurtenis, maar voeg dan by: „It is long forgotten by those who knew of it, and does not now in the least affect his usefulness. Since that period he has maintained an unblemished character, and no missionary has experienced greater trials and suffered greater privation than he has done.”⁽⁴³⁾

Die ware rede vir sy ontslag moet egter gesoek word in dr. Philip se ideaal van 'n politiek-godsdienstige staat ten noorde van die Oranjerivier met Andries Waterboer as opperhoof.⁽⁴⁴⁾ Dit het beteken dat die Griekwa-hoofde Barends, A. Kok en C. Kok, wat nog altyd op onafhanklike hoofmanskap aanspraak gemaak het, verwyder moes word. Barends is uitgekoop, Adam Kok was te Philippolis, maar Cornelis Kok II te Campbell het geweier om hom te laat beweeg. Bartlett het Cornelis in sy verset teen dr. Philip gesteun en het dus in onguns by laasgenoemde gekom en aldus sy eie ondergang bewerkstellig. Sy broer, Richard, het in Engeland tevergeefs geprobeer om hom weer in sy amp herstel te kry.⁽⁴⁵⁾ Hy het 'n pensioen gelykstaande aan sy salaris behou.

Bartlett se afsetting het hom egter nie verhoed om onverpoosd met sy werk voort te gaan nie. In 1843 was hy, volgens eerw. William Ashton van Kuruman, nog baie aktief en het sy gemeente 'n duisend getel.⁽⁴⁶⁾ Eers in 1849 is hy oorlede en het sy vrou en sewe kinders in 'n uiters armoedige toestand agtergelaat. Hulle het in die sendinghuis bly woon.⁽⁴⁷⁾

Hoewel Bartlett na 1833 sy werk voortgesit het, die vertroue van sy medesendinge behou het en te Campbell gedien het as die gulle gasheer vir talle besoekers, is enige uitvoerige vermelding van sy optrede sistematies vermy. Die gevolg is dat hy weldra aan die vergetelheid toevertrou is en dat selfs sy dade aan andere toegedig is. So het in later jare die eer vir die oprigting van die kerkie David Livingstone te beurt geval. Hieromheen is lustig voortgebordeur, sodat die kerkie vandag nog as Livingstone se Kerk bekend staan en andersins geloofwaardige ou inwoners beweer dat Livingstone die boumeester was.

Afgesien van die reeds genoemde omstandighede waaronder die kerkie tot stand gekom het, toon 'n noukeurige opname van Livingstone se besoeke aan Campbell dat hy op die uiterste instrumenteel in die herstel daarvan kon gewees het. Sy eerste en langste besoek was in Julie 1841. Hy het teen die 20ste Mei uit Port Elizabeth per ossewa vertrek,⁽⁴⁸⁾ en teen die einde van Junie was hy op Colesberg.⁽⁴⁹⁾ Op die 16de Julie was hy reeds op Griekwastad⁽⁵⁰⁾ d.w.s. 'n tydsverloop van ongeveer sestien dae tussen die twee plekke. Wanneer nou in berekening gebring word die tyd wat deur reis in beslag geneem is, kon hy op die uiterste 'n week op Campbell vertoef het. Hyself maak geen

(43) L.S.G.-Argief, *South African Letters*, D.1-10, John Melvill — G. Burder, Londen, 6 Julie 1826.

(44) Shaw, W.: *A Defence of the Wesleyan Missionaries in South Africa*, pp. 59 and 76.

(45) L.S.G.-Argief, *Home Letters*, B8-7, R. Bartlett — L.S.G., 1840.

(46) G.L.W. *Land Court* — Evidence, p. 16.

(47) L.S.G.-Argief, *Freeman Papers*, A 1-2, E. Solomon — J. J. Freeman, 17 Des. 1849.

(48) Blaikie, *The Life of David Livingstone*, p. 32, en Livingstone, David, *Missionary Travels and Researches in South Africa*, p. 8.

(49) Inligting L.S.G.-argivaris, Londen.

(50) *Ibid.*

melding van sy besoek aan Campbell nie, maar W. Ross wat hom vergesel het, meld „that they distributed New Testaments at Colesberg, Philippolis, Campbell en Griquatown”.⁽⁵¹⁾

Sy tweede besoek aan Campbell het teen die einde van 1843 plaasgevind. Robert Moffat het van Engeland teruggekeer en in Desember het Livingstone hom te perd tegemoet gery. Hy het Moffat suid van die Vaalrivier naby Campbell aangetref en saam met hom die reis na Kuruman gemaak. John Bartlett en Cornelis Kok het vars spanne osse aan hulle gestuur en so hulle reis deur die Vaalrivier na Campbell vergemaklik. Weer eens moes sy besoek baie kort gewees het en hoewel dit besondere betekenis aan die sendingstasie en sy terrein verleen, kon hy weinig konstruktiefs in so 'n kort tyd tot stand gebring het. In die oorlewering van Campbell lewe veral twee gebeurtenisse i.v.m. hierdie besoek voort: ten eerste dat dit hier was, waar hy trou gesweer het aan Mary Moffat, en ten tweede, dat hy in Bo-Campbell onder die skaduwees van 'n groot boom waarvan die stam nou nog staan, gepreek het.

In 1852 het Livingstone sy vrou en kinders van Kolobeng na Kaapstad geneem, vanwaar hulle na Engeland is. Hyself het oor Griekwastad na Kuruman teruggekeer om sy reis na Linyanti te onderneem.⁽⁵²⁾ Ook op hierdie reis mag hy by Campbell aangedoen het, maar hy maak geen melding daarvan nie.

Na die dood van Bartlett is geen ander sendeling na Campbell gestuur nie, en baie Griekwas het ook die plek verlaat. Desnieteenstaande het Cornelis Kok die eredienste in die kerkie in stand gehou deur van Griekwa-voorlesers gebruik te maak. In 1854 vind die reisiger Chapman dus nog die ou kerkie as die uitstaande baken. Hy beskryf Campbell as „a mere farm with a small missionary chapel and a couple of houses, one occupied by the Griqua chief Cornelis Kok”.⁽⁵³⁾ Aan die begin van die jare sestig kom die sendingstasie weer onder die indirekte toesig van 'n blanke sendeling. So vermeld John Moffat, wat Campbell in 1863 besoek het, dat dit 'n buitestasie („outpost”) onder die toesig van eerw. Hughes, die sendeling te Backhouse, was.⁽⁵⁴⁾

Na die dood in 1858 van die ou eerbiedwaardige hoof van Campbell, Cornelis Kok, en die verhuising van sy erfgenaam en opvolger, Adam Kok van Philippolis, na Niemandland, het Nikolaas Waterboer op aansporing van die bekende David Arnot, homself meester van Campbell gemaak. Hy het o.a. die kerkboeke opgeëis en Adam Eta Kok as voorleser in die ou kerkie aangestel.⁽⁵⁵⁾

In 1871 is Griekwaland-Wes deur die Britse regering geannekseer. Die Griekwa-gronde is baie vinnig deur die blankes opgekoop en 'n algemene verval het ingetree. So tref die bekende skrywer George W. Stow die Griekwas in 1872 in 'n allerbetreurenswaardige toestand aan: „They had been for several years without a missionary because they had failed to find sufficient money

(51) *Ibid.*

(52) Blaikie, *op. cit.*, pp. 104, ens.

(53) Chapman, *Travels in the Interior of South Africa I*, p. 215.

(54) Wallis, J. R. P.: *The Matabele Mission of J. S. and Emily Moffat*, p. 193.

(55) G.L.W. *Land Court, Evidence*, p. 74.

towards his salary. Campbell, the settlement next in importance to Griquatown, was in ruins.”⁽⁵⁶⁾ Hierdie verval het egter nie die stewige Jonasklip-fondamente van die ou kerkie geskud nie. Dit word bewys deur die verklaring van Jasper Abrahams, toentertyd voorleser in Campbell, in 1874: „I resided at Lower Campbell. On Sunday morning, I think in the month of December, in 1872, I went to the church of Upper Campbell.”⁽⁵⁷⁾

Vyf jaar later staan die ou kerkie nog. Sir Charles Warren op sy besoeke aan hierdie gebied skryf in 1877: „After lunch we walked down through Middle and Lower Campbell and found the remains of the old mission station; the widow of the last missionary living in the church. It is rather melancholy to see the mission grounds lying waste and the people gone away . . . The name of the missionary was Bartlett. His widow was living in ons large room, the church.”⁽⁵⁸⁾ Mev. Bartlett het nou reeds by die vyftig jaar op hierdie terrein gewoon: eers in die sendinghuis grensende aan die kerk en toe dit in verval geraak het, het sy die kerk betrek. Dit moes om en by 1876 gewees het, want Andries Stockenström, regter van die Griekwaland-Wes-landhof, het in hierdie jaar dié erf, wat nou as „Bartlett” bekend gestaan het, aan haar in ewigdurende erfpag gegee.⁽⁵⁹⁾

In 1885 doen G. A. Farini op sy reis na die Kalahari Campbell aan. Hoewel Farini se mededeling nie altyd betroubaar is nie, kan die volgende i.v.m. die ou sendingstasie en kerkie tog daarvan afgelei word: Die kerkie, waarvan die dak al reeds baie gehawend is, staan nog, terwyl die sendinghuis of Mission House deur verval onbewoonbaar geword het. Mev. Bartlett is reeds oorlede en haar stiefseun, John, woon nou in die kerkie. Farini skryf naamlik dat hy by sy aankoms „an old man looking out of a door of an old thatched house” gesien het. „His name . . . was Bartlett, and he was the son of the first missionary of that name who had built the house in which he lived at the same time that he built the Mission House . . . Here . . . Livingstone and Moffat stayed for a time . . . and it was here that Livingstone first saw Moffat’s daughter, Mary, whom he married at Kuruman.”⁽⁶⁰⁾ Die afleiding i.v.m. die kerkie word verder gestaaf deur die tekening wat Farini van die sendingstasie gemaak het. Indien in ag geneem word dat hierdie tekening vanuit ’n noordelike rigting gemaak is, en indien die werklike ligging van die geboue in gedagte gehou word, dan is dit duidelik dat die ruïne die „Mission House” is en die staande gebou die ou kerkie is.⁽⁶¹⁾

Intussen is die dorpie Campbell binne die loopkring van die beskawing gebring, en in die onmiddellike omgewing van die terrein van die sendingstasie is ’n hotel en ’n winkel gebou. Op 8 April 1887 kom Bartlett’s Lot met die kerkie en die bouvalle van die „Mission House” dus in besit van Charles Harrison en J. H. Hofmeyr, eienaars van vermelde sake-ondernemings. Elf jaar

(56) *Cape Monthly Magazine*, July — Aug. 1872.


(57) *G.W. Land Court, Evidence*, p. 174.

(58) Warren, Charles, *On the Velât in the Seventees*, p. 330.

(59) *Griqualand West Land Court Judgement*, No. 316, p. 95.

(60) Farini, G. A.: *Through the Kalahari Desert*, p. 57.

(61) Vgl. tekening hierteenoor.



HOUSE WHERE LIVINGSTONE FIRST SAW MARY MOFFAT.

Kerkie en bouvalle van sendeling se huis, 1885. Farini, Through the Kalahari Desert.

daarna verwissel Bartlett's Lot weer van eienaar en word die besit van S. B. Humphreys. Op hierdie stadium was die dak van die kerkie reeds verval en, met sy besondere aanvoeling vir oudhede, het S. B. Humphreys opdrag gegee dat dit herstel moes word. So is dan aan die begin van die twintigste eeu die rietdak met 'n sinkdak vervang. Met die herstel is ook die sydeur en vensters wat na die suide gefront het en wat so duidelik in Charles Bell se tekening waarneembaar is, toegebou. Die moete van hierdie deur en vensters is vandag nog onmiskenbaar.

Die ou geboutjie het nou die aandag van aartsdeken Lawson van Kimberley afgedwing. Dit was sy gewoonte om te perd besoek aan die wydverspreide lidmate van sy kerk te bring en hy het dikwels by Campbell aangedoen. In 1908 het hy poskaarte met 'n foto van die „Livingstone's church" daarop aan sy gemeente gegee.⁽⁶²⁾ Dat Lawson, 'n uiters betroubare persoon en een van die beste kenners in sy tyd van hierdie gebied, sonder aarseling die kerkie „Livingstone's church" noem, toon nie alleen hoe stewig die oorlewering dat Livingstone die kerk gebou het, reeds gevestig was nie, maar ook hoe misleidend sulke oorleweringe kan wees.

Die foto self, wat vanuit die noorde en dus van dieselfde kant as Farini se tekening, geneem is, vorm 'n uiters belangrike skakel in die beeldverhaal van die ou kerkie. Ten eerste toon dit die mate van herstel wat aan die gebou self aangebring is. Ten tweede, die ou „Mission House" was voor die kerkie geleë, en op die foto is daar nie die minste bewys van selfs 'n karige oorblyfsel van so 'n gebou nie. Hierdie feit het aanvanklik belangstellendes in die behoud

(62) Vgl. foto hierteenoor.



Aartsdeken Lawson se poskaart, 1908.

van die ou kerkgeboutjie verbyster, maar deur onlangse opgrawinge is 'n gedeelte van die fundamente van die ou pastorie blootgelê. Dit het ou inwoners nou ook bygeval dat met die bou van 'n tennisbaan aan die einde van die laaste eeu 'n deel van die fondamentklippe daarvoor gebruik is.

Die Humphreys-familie het die ou kerkie met 'n besondere gevoel van piëteit bejeën en sy behoud was verseker. Tot hierdie piëteit het in 'n groot mate die geloof dat Livingstone dit gebou het, bygedra. Toe die noordelike muur dus in die tienderjare van hierdie eeu na lang en deurdringende reëns ineenstort, het W. B. Humphreys, seun van S. B. Humphreys, opdrag gegee dat dit herbou moes word en dat elke Jonasklip, elke kalkklip, die vensterrame, ja selfs die ou klei, in die herstel daarvan gebruik moes word. Mnr. Geo. Melville, bestuurder van die winkel te Campbell, het dit nou goed gedink om die ou kerkie as 'n velstoor te gebruik. Al dadelik het mnr. W. B. Humphreys weer tussenbei getree en hom sy velle laat verwyder. Hierna is die hand noukeurig aan die kerkie gehou en in 1947, toe die vensterrame en -luike reeds totaal verweer was, is dit vervang.

In die jare vyftig kry mnr. Basil Humphreys — uit die derde geslag van die familie wat in besit van Campbell is — die toesig oor die eiendom op

hierdie dorpie. Met byna religieuse toewyding het hy nou die kerkie in bewaring geneem en weldra is dit tot sy vroeëre status herstel: Dis biskop van Kimberley het dit weer eens aan die sending toegewy. Onder die jurisdiksie van die aartsdeken van Kimberley word daar weer gereeld dienste in die ou Godshuisie gehou en die katekisasiemeester is niemand anders as Adam Kok nie, 'n agterkleinseun van Adam Kok III.

So het hierdie ou kerkie dan die wisselvallighede en storms van die tyd getrotseer en vandag staan dit daar as 'n eenvoudige monument wat as 't ware uit die omgewing gegroei het en daarmee een is.



Die kerkie soos dit vandag daar uitsien.